THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

VOL. CXIV.] PRICE 6d. PRETORIA, 9 DECEMBER / 9 DESEMBER 1938 PRYS 6d. [No. 2590.

All Proclamations, Government and General Notices, published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

PROCLAMATIONS.

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE SIR PATRICK DUNCAN, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF SAINT MICHAEL AND SAINT GEORGE, ONE OF HIS MAJESTY'S COUNSEL LEARNED IN THE LAW, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 262, 1938.]

Whereas by Proclamation of the President of the South African Republic dated 3rd December, 1889, and published in the *Staatscourant* dated 4th December, 1889, the farm Waterval No. 417, District Pretoria, and now known as Waterval No. 74, District Krugersdorp, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, was proclaimed a public digging in terms of article *five* of the Amended Law No. 8 of 1885 on and after 13th December, 1889;

And whereas in respect of a certain portion of the farm Waterval No. 74, thus proclaimed, and hereinafter more particularly described and defined, the conditions set out in sub-section (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), having been found to exist, it is now expedient to close and deproclaim as a public digging the said portion of the said farm;

And whereas all the provisions of sub-section (2) of the said section have been complied with in every respect;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), I do hereby declare, proclaim and make known that portion "H" of the southern portion of the farm Waterval No. 74, District Krugersdorp, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, in extent 3,983 square feet, registered in the name of Jacobus Johannes van Biljon, as defined by the diagram framed by Land Surveyor G. H. Halliday in September, 1937, and approved by the Surveyor-General on the 17th November, 1937, under S.G. No. A.4971/37, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. No. 348, shall be and is hereby closed and deproclaimed as a public digging as from the first day following on the publication of this proclamation in the *Gazette*.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Twenty-ninth day of November One thousand Nine hundred and Thirty-eight.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M.M. 27/1/84. J. C. SMUTS.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

PROKLAMASIES.

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE SIR PATRICK DUNCAN, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDERSKEIE ORDE VAN SINT MICHIEL EN SINT JORIS, EEN VAN SY MAJESTEIT SE ADVOKATE BELESE IN DIE REG, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 262, 1938.]

Nademaal by Proklamasie van die Staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek van 3 Desember 1889, en gepubliseer in die *Staatscourant* van 4 Desember 1889, die plaas Waterval No. 417, distrik Pretoria, en nou bekend as Waterval No. 74, distrik Krugersdorp, myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, as 'n publieke delwery ingevolge artikel *vyf* van die Gewysigde Wet No. 8 van 1885 op en na 13 Desember 1889 geproklameer is;

En nademaal ten opsigte van 'n sekere gedeelte van die plaas Waterval No. 74, aldus geproklameer, en hier meer in besonder omskryf en bepaal, dit geblyk het dat die toestande uiteengesit in subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die „ Precious and Base Metals Act ", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), bestaan, en dit nou raadsaam is om gemelde gedeelte van die plaas as 'n publieke delwery te sluit en te deproklameer;

En nademaal al die bepalings van subartikel (2) van gemelde artikel in alle opsigte nagekom is;

So is dit dat ek, ingevolge die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die „ Precious and Base Metals Act ", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), hierby verklaar, proklameer en bekendmaak dat gedeelte „ H " van die suidelike gedeelte van die plaas Waterval No. 74, distrik Krugersdorp, myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, groot 3,983 vierkante voet, geregistreer op naam van Jacobus Johannes van Biljon, soos aangetoon op 'n kaart deur Landmeter G. H. Halliday in September 1937 vervaardig en deur die Landmeter-generaal op 17 November 1937, onder S.G. No. A.4971/37 goedgekeur, waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. No. 348 berus, van die eerste dag na publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant* as 'n publieke delwery gesluit en gedeproklameer word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Nege-en-twintigste dag van November Eenduisend Negehonderd Ag-en-dertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M.M. 27/1/84. J. C. SMUTS.

✱ No. 263, 1938.]

PROCLAIMED AREA OF VEREENIGING.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *twelve* of the Natives (Urban Areas) Act, 1923 (Act No. 21 of 1923), as amended, I proclaim, declare and make known that the farms Houtkop No. 28 and Steyn No. 79, situated in the District of Vereeniging, being areas in which Natives are congregated in large numbers for mining and industrial purposes, shall be areas subject to the provisions of the said section *twelve*, and shall be and form part of the Proclaimed Area of Vereeniging as defined in Part V of the Schedule to Proclamation No. 134 of 1928.

And I further proclaim, declare and make known that I shall exercise in respect of the said farms all the powers specified in paragraphs (*a*) to (*h*) of sub-section (1) of the said section *twelve*.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria on this Thirtieth day of November One thousand Nine hundred and Thirty-eight.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. A. FAGAN.

✱ No. 263, 1938.]

GEPROKLAMEERDE GEBIED VEREENIGING.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *twaalf* van die „ Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923 " (Wet No. 21 van 1923), soos gewysig, proklameer, verklaar en maak ek bekend dat die plase Houtkop No. 28 en Steyn No. 79, geleë in die distrik Vereeniging, en wat gebiede is waarin naturelle vir myn- en industriële doeleindes in groot getalle saamwoon, gebiede is wat aan die bepalings van genoemde artikel *twaalf* onderworpe is, en 'n deel van die proklameerde gebied Vereeniging, soos omskryf in Deel V van die Bylae van Proklamasie No. 134 van 1928, is en uitmaak.

En verder proklameer, verklaar en maak ek bekend dat ek ten opsigte van genoemde plase, al die bevoegdhede wat in paragrawe (*a*) tot (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *twaalf*, genoem is, uitoefen.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertigste dag van November Eenduisend Negehonderd Agt-en-dertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. A. FAGAN.

✱ No. 264, 1938.]

VEREENIGING LABOUR DISTRICT.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *seventeen* of the Native Labour Regulation Act, 1911 (No. 15 of 1911), I proclaim, declare and make known that Proclamation No. 133 of 1928, as amended from time to time, is hereby further amended by the addition to the Vereeniging Labour District, as described in Part V of the Schedule to the said Proclamation of the farms Houtkop No. 28 and Steyn No. 79, both situated in the District of Vereeniging.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Twenty-fifth day of November One thousand Nine hundred and Thirty-eight.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. A. FAGAN.

✱ No. 264, 1938.]

ARBEIDSDISTRIK VEREENIGING.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *sewentien* van die „ Naturellearbeid Regelingswet, 1911 " (No. 15 van 1911), proklameer, verklaar en maak ek bekend dat Proklamasie No. 133 van 1928, soos van tyd tot tyd gewysig, hierby verder gewysig word deur byvoeging van die plase Houtkop No. 28 en Steyn No. 79, albei geleë in die distrik Vereeniging, tot die arbeidsdistrik Vereeniging, soos beskryf in Deel V van die Bylae van genoemde Proklamasie.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyf-en-twintigste dag van November Eenduisend Negehonderd Agt-en-dertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. A. FAGAN.

✱ No. 265, 1938.]

Whereas it has been represented to me that there is a danger of certain insects, namely cactoblastis cactorum, which are being used for the biological control of all the pest species of Opuntia (prickly-pear) in the Districts of Steynsburg, Middelburg, Tarka, Maraisburg, Cradock, Graaff-Reinet, Murraysburg, Aberdeen, Willowmore, Steytlerville, Jansenville, Pearston, Somerset East, Bedford, Fort Beaufort, Stockenstrom, Victoria East, Kingwilliamstown, Peddie, Albany, Alexandria, Uitenhage, Port Elizabeth, Humansdorp, Oudtshoorn, Mossel Bay, Ladismith and Riversdale, being introduced into other parts of the Union other than those Districts mentioned above, and

Whereas it is deemed necessary to prevent as far as possible the spread of the aforesaid insects to areas beyond the boundaries of the aforesaid districts;

Now therefore under and by virtue of the powers vested in me by section *fourteen* of the Agricultural Pests Act, 1911, as amended from time to time, I hereby declare, proclaim and make known that from and after the date of this Proclamation, the removal of any plant or portion of a plant belonging to any species of Opuntia from the districts enumerated above to any place outside the aforesaid districts shall be prohibited except under authority of the Minister of Agriculture and Forestry.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this First day of December One thousand Nine hundred and Thirty-eight.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

W. R. COLLINS.

✱ No. 265, 1938.]

Nademaal dit tot my kennis gebring is dat daar 'n gevaar bestaan of sekere insekte, naamlik *cactoblastis cactorum*, wat vir die biologiese bestryding van alle Opuntia-soorte (turksvy) gebruik word in die distrikte Steynsburg, Middelburg, Tarka, Maraisburg, Cradock, Graaff-Reinet, Murraysburg, Aberdeen, Willowmore, Steytlerville, Jansenville, Pearston, Somerset-Oos, Bedford, Fort Beaufort, Stockenstrom, Victoria-Oos, Kingwilliamstown, Peddie, Albany, Alexandria, Uitenhage, Port Elizabeth, Humansdorp, Oudtshoorn, Mosselbaai, Ladismith en Riversdal, na ander dele van die Unie, behalwe bogenoemde distrikte, ingevoer kan word, en

Nademaal dit wenslik geag word om soveel moontlik die verspreiding van voornoemde insekte na streke buite die grense van voornoemde distrikte te voorkom;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel veertien van die „ Landbouw Plagen Wet " van 1911, hierby verklaar, proklameer en bekendmaak dat vanaf en na die datum van hierdie Proklamasie, die verwydering, behalwe met die toestemming van die Minister van Landbou en Bosbou, van enige plant of gedeelte van 'n plant behorende aan enige soort Opuntia uit bogenoemde distrikte na enige plek buite die grense van voornoemde distrikte verbied is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Eerste dag van Desember Eenduisend Negehonderd Agt-en-dertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

W. R. COLLINS.

✱ No. 266, 1938.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section *one hundred and six* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), as substituted by section *four* of the Transvaal Precious and Base Metals Act Amendment Act, 1913 (Act No. 18 of 1913), and subsection (1) of section *one hundred and thirty-two* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), I do hereby declare, proclaim and make known that form " M ", annexed to the regulations contained in the Annexure to Proclamation No. 18 of 1914, as substituted by Proclamation No. 223 of 1936, is hereby amended by the deletion therefrom of the words " Mining District ", wherever they appear, and the substitution therefor of the word " District ".

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Fifth day of December One thousand Nine hundred and Thirty-eight.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

J. C. SMUTS.

✱ No. 267, 1938.]

REBATE OF CUSTOMS DUTIES ON CERTAIN ARTICLES FOR USE IN MANUFACTURES.

Whereas by section *twelve* (1) (*k*) of the Customs Tariff and Excise Duties Amendment Act, 1925 (Act No. 36 of 1925), as amended, the Governor-General may, by proclamation in the *Gazette*, declare that subject to regulations set out in such proclamation, there shall be allowed a rebate of the whole or any part of the duty otherwise payable under the aforesaid Act, as amended, on any article which is a raw material or essential requisite of any industry in respect of which the Board of Trade and Industries recommends such a rebate;

And whereas the Board of Trade and Industries has recommended that the customs duty on the undermentioned articles imported into the Union for use in the industries specified, be rebated to the extent of the full ordinary duty thereon;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me as aforesaid, I do hereby declare, proclaim and make known that on and after the date of the first publication of this my Proclamation in the *Gazette* a rebate of the whole ordinary duty otherwise payable shall, subject to the subjoined regulations, be allowed on the following articles when imported or taken out of bond by a manufacturer for use in the industries specified:—

(1) *Butter and cheese manufacturing industry.*
Cream acidity standardizers and neutralizers, if approved by the Superintendent of Dairying.

(2) *Safety-glass manufacturing industry.*
Plain sheet glass, exceeding 21 oz. but not exceeding 24 oz. per square foot; plastics, not cut to shape, in sheets or rolls; and dimethylphthalate.

(3) *Sports goods manufacturing industry.*
Leather grips for use in the manufacture of golf clubs and tennis racquets.

(4) *Soya bean milling industry.*
Soya beans for use in the manufacture of soya food products, except oil, in such quantities and at such times as may be permitted by the Minister of Finance.

REGULATIONS.

1. The rebate of customs duty permitted under the authority of this proclamation shall only be allowed conditional upon the observance of these regulations; and any duty so rebated on any goods on importation or delivery from a bonded warehouse shall not be regarded as having been finally rebated until the registered manufacturer shall have proved to the satisfaction of the Commissioner of Customs that the goods so imported or delivered from a bonded warehouse have been used in the manufacturing industry in respect of which such manufacturer is registered.

Failure to produce such proof on demand shall render the goods so imported or delivered liable to the duties rebated on importation or delivery from a bonded warehouse or to the duties payable at tariff rates in force at the time of sale, use, removal or disposal without the written consent of the proper officer of customs whichever duties shall be the greater, and such duties shall forthwith be paid to the Commissioner of Customs on demand.

✱ No. 266, 1938.]

Ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *eenhonderd-en-ses* van die „ Precious and Base Metals Act, 1908 " (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), soos vervang deur artikel *vier* van die „ Wet tot Wijziging van de Transvaalse Wet op Edele en Onedele Metalen, 1913 " (Wet No. 18 van 1913), en subartikel (1) van artikel *eenhonderd twee-en-dertig* van die „ Precious and Base Metals Act, 1908 " (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), verklaar, proklameer en maak ek hierby bekend dat vorm „ M ", aangeheg aan die regulasies vervat in die Aanhangsel van Proklamasie No. 18 van 1914, soos vervang by Proklamasie No. 223 van 1936, gewysig word deur die skrapping van die woord „ Myndistrik ", waar dit voorkom, en die vervanging daarvan deur die woord „ Distrik ".

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyfde dag van Desember Eenduisend Negehonderd Ag-en-dertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

J. C. SMUTS.

✱ No. 267, 1938.]

KORTING VAN DOEANEREGTE OP SEKERE ARTIKELS VIR GEBRUIK BY VERVAARDIGING.

Nademaal by artikel *twaalf* (1) (*k*) van die „ Doeanetarief en Aksijnsrechten Wijzigingswet ", 1925 (Wet No. 36 van 1925), soos gewysig, die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* kan verklaar dat, met inagneming van regulasies uiteengesit in sodanige Proklamasie, daar 'n korting van die hele of enige deel van die regte anders betaalbaar onder voornoemde Wet, soos gewysig, toegestaan moet word op enige artikel wat 'n ruwe materiaal of noodsaaklike vereiste is van enige nywerheid ten opsigte waarvan die Raad van Handel en Nywerheid sodanige korting aanbeveel;

En nademaal die Raad van Handel en Nywerheid aanbeveel het dat 'n korting van die doeanereg op ondergenoemde artikels in die Unie ingevoer vir gebruik in ondervermelde nywerhede tot die volle bedrag van die gewone doeanereg toegestaan moet word;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen soos vermeld, hierby verklaar, proklameer en bekendmaak dat, vanaf en na die datum van die eerste publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant*, 'n korting van die hele gewone reg andersins betaalbaar, met inagneming van bygaande regulasies, toegestaan word op ondergemelde artikels ingevoer of gelos uit entrepôt deur 'n fabrikant in genoemde nywerhede:—

(1) *Nywerheid vir die vervaardiging van botter en kaas.*
Standaardiseerders en neutraliseerders vir roomsuurhede, indien deur die Superintendent van Suiwelbereiding goedgekeur.

(2) *Nywerheid vir die vervaardiging van veiligheidsglas.*
Gewone ventersglas, bo 21 oz. maar nie bo 24 oz. per vierkante voet nie; plastieke, nie na vorm gesny nie, in velle en rolle; en di-methylftalaat.

(3) *Sportsgoedere-vervaardigingsnywerheid.*
Leergrepe vir gebruik by die vervaardiging van gholfstokke en tennisrakette.

(4) *Sojaboontjies-maalnywerheid.*
Sojaboontjies vir gebruik by die vervaardiging van sojavoedsel-produkte, behalwe olie, in sodanige hoeveelhede en op sodanige tye as deur die Minister van Finansies goedgekeur mag word.

REGULASIES.

1. Die korting van doeaneregte, toegestaan kragtens hierdie proklamasie word alleen toegelaat onderworpe aan nakoming van hierdie regulasies; en enige korting aldus op enige goedere by die invoer of aflewering uit 'n entrepôt toegestaan, word nie beskou as finaal toegestaan te wees nie, totdat die geregistreerde vervaardigers 'n bevredigende bewys aan die Kommissaris van Doeane gelewer het dat die goedere aldus ingevoer of afgelewer uit 'n entrepôt, in die vervaardigingsnywerheid, ten opsigte waarvan so'n vervaardiger geregistreer is, gebruik is.

Versuim om op aanvraag sodanige bewys te verstrek, maak die ingevoerde of afgelewerde goedere onderworpe aan die doeaneregte wat as 'n korting by invoer of aflewering uit 'n entrepôt toegestaan is, of aan die doeaneregte betaalbaar teen tariewe wat op die dag van verkoop, gebruik, verwydering daarvan of beskikking daarvan sonder die skriftelike toestemming van die bevoegde doeanebeampte, van krag is, na gelang van watter bedrag die grootste is, en sulke doeaneregte moet dadelik op aanvraag aan die Kommissaris van Doeane betaal word.

2. Every person desirous of importing under rebate of customs duty any of the articles or materials specified in this proclamation shall first make application to the Commissioner of Customs to be registered as a manufacturer under rebate, and in so doing shall state—

(*a*) the name under which he trades;
(*b*) the industry in which he is engaged and if any other business is carried on in the same premises, the nature of such business;
(*c*) the locality of his factory or works;
(*d*) whether the premises are licensed under the Factories Act, 1918, or any amendment thereof;
(*e*) the class of goods he desires to import under rebate of duty, and the estimated value of such importations per annum;
(*f*) the number of operatives, and the class of labour, that is, whether male or female, also the proportion of Europeans to non-Europeans, he proposes to employ.

3. No person shall be registered as a manufacturer under rebate of customs duty unless—

(*a*) the proposed premises are situated in an area approved by the Minister, and if a factory, are registered under the Factories Act, 1918, or any amendment thereof; and are entirely separate from any premises whereon a retail trade in any article is conducted, either by the applicant or by any other person;

(*b*) the number of operatives, and the proportion of European to non-European operatives is not less than a number to be specified by the Minister in respect of each particular industry;

(*c*) the applicant when applying for registration signs a written statement declaring that all goods to be imported by him under these regulations are for use, and will only be used, in the manufacturing industry in respect of which application is made.

4. The applicant, if approved, shall enter into a bond with sufficient surety and to an amount to be determined by the Commissioner of Customs, having regard to the nature and extent of his contemplated importations.

The conditions of the bond shall be that all goods imported by him, taken out of bonded warehouse or received from another manufacturer under rebate of customs duty, for use in the industry to be named in the bond, will be used solely for the purpose specified in this proclamation; and that should any portion of the goods so imported or received be sold, used, removed from his factory premises or store, or disposed of for any other purpose, without the written consent of the proper officer of customs, the amount of customs duty rebated on importation or delivery from a bonded warehouse, or the duty at tariff rates in force at the time of such sale, use, removal or disposal, whichever shall be the greater, will forthwith be paid on the whole of that consignment or on such part as the Commissioner of Customs may determine, having regard to the facts of the case.

The Commissioner of Customs may at any time require fresh or further bond as he may think fit, should the nature or extent of the applicant's importations under rebate of customs duty in any case, require it.

5. The applicant shall thereupon be registered as a manufacturer under rebate, and permitted to receive under these regulations and subject to withdrawal of the permission at any time by the Minister, the goods enumerated in this proclamation, and such goods shall be conveyed to and stored only in the premises referred to in regulations Nos. 2 and 3, which shall also be registered.

6. The manufacturer, or his clearing agent specially authorised by power of attorney to act for him in that behalf, shall on first importation or on clearance from a bonded warehouse of goods warehoused in his name declare on the customs bill of entry that such goods are his property and are to be used solely for the purposes specified in this proclamation, and shall furnish the proper officer of customs at the port of entry with an additional copy of such bill of entry.

7. The goods enumerated in this proclamation may be cleared from a bonded warehouse free of duty for a registered manufacturer provided that in addition to the customs bill of entry *ex* bond a declaration on transfer, in the form appended, shall be furnished in duplicate to the proper officer of customs. The bill of entry shall specify the name and address of the manufacturer and the industry for which the goods are intended.

8. A registered manufacturer may, subject to permission previously obtained from the proper officer of customs, transfer to another registered manufacturer goods imported under this proclamation provided a declaration on transfer in the form appended be furnished in duplicate to the aforesaid officer.

9. The declaration on transfer referred to in regulations Nos. 7 and 8 must be completed with a receipt from the manufacturer to whom the goods are transferred, and failing the return of such receipt to the proper officer of customs within *fourteen days*, the person transferring the goods shall remain liable for the duty otherwise leviable, and shall pay the same forthwith on demand.

2. Elkeen wat verlang om enigeen van die artikels of materiale genoem in hierdie proklamasie onder korting van doeanereg in te voer, moet eers by die Kommissaris van Doeane aansoek doen om hom te laat registreer as 'n vervaardiger onder korting en moet dan vermeld—

(*a*) die naam waaronder hy handel dryf;
(*b*) die bedryf wat hy uitoefen, en as daar enige ander besigheid op dieselfde perseel gedryf word, die aard van sodanige besigheid;
(*c*) die plek van sy fabriek of werkplekke;
(*d*) of die perseel ingevolge die Fabriekswet, 1918, of enige wysiging daarvan, gelisensieer is;
(*e*) die soort goedere wat hy verlang om onder korting van doeanereg in te voer, en die geskatte jaarlikse waarde van sodanige ingevoerde goedere;
(*f*) die aantal arbeiders en die soort arbeid, dit is, òf vroulik òf manlik, ook die verhouding van blankes tot nieblankes, wat hy voornemens is om in diens te neem;

3. Niemand word as vervaardiger onder korting van doeanereg geregistreer nie tensy—

(*a*) die voorgestelde perseel in 'n omgewing goedgekeur deur die Minister geleë is en, indien 'n fabriek, geregistreer is ingevolge die Fabriekswet, 1918, of enige wysiging daarvan; en geheel en al afgesonder is van enige perseel waarop 'n kleinhandel in enige artikel òf deur die applikant òf deur enige ander persoon gedryf word;
(*b*) die aantal arbeiders en die verhouding van blanke tot nie-blanke arbeiders nie kleiner is nie as 'n getal wat deur die Minister ten opsigte van elke besondere nywerheid voorgeskryf is;
(*c*) die applikant, by aansoek om registrasie 'n skriftelike verklaring teken waarvolgens hy verklaar dat al die goedere wat deur hom volgens hierdie regulasies ingevoer sal word, vir gebruik is, en slegs gebruik sal word, in die vervaardigingsnywerheid ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.

4. Die applikant, indien goedgekeur, moet 'n waarborgakte, gedek deur voldoende borgstelling, teken, en tot 'n bedrag soos deur die Kommissaris van Doeane vasgestel sal word met inagneming van die aard en omvang van sy voorgenome invoer. In die waarborgakte moet bepaal word dat alle goedere deur hom ingevoer, uit entrepôt geneem, of wat hy van 'n ander vervaardiger, onder korting van doeanereg ontvang, vir gebruik in die nywerheid in die waarborgakte genoem, uitsluitlik gebruik sal word vir die doel uiteengesit in hierdie proklamasie; en dat, indien enige gedeelte van die goedere aldus ingevoer of ontvang, sonder skriftelike toestemming van die bevoegde doeanebeampte, verkoop, verbruik, van sy fabrieksperseel of pakhuis verwyder, of vir enige ander doel van die hand gesit word, die bedrag van doeaneregte, wat as 'n korting by invoer of aflewering uit 'n entrepôt toegestaan is, of die doeaneregte wat op die dag van verkoop, gebruik, verwyder of beskikking daaroor van krag is, na gelang van watter bedrag die grootste is, dadelik betaal word op die hele besending of op sodanige gedeelte as wat deur die Kommissaris van Doeane met inagneming van die feite van die geval vasgestel mag word.

Die Kommissaris van Doeane kan te eniger tyd 'n nuwe of verdere borgstelling soos hy dit nodig ag, eis, as die aard en omvang van die applikant se invoer onder korting van doeanereg dit vereis.

5. Die applikant word daarna geregistreer as 'n vervaardiger onder korting en toegelaat om kragtens hierdie regulasies, onderworpe aan die herroeping van die vergunning, te eniger tyd, deur die Minister, die goedere genoem in hierdie proklamasie te ontvang; en sulke goeere moet vervoer word na en uitsluitlik bewaar word op die perseel genoem in regulasies Nos. 2 en 3; hierdie perseel moet ook geregistreer wees.

6. Die vervaardiger of sy inklaringsagent spesiaal gemagtig deur 'n volmag om namens hom op te tree, moet by eerste invoer of by uitklaring uit entrepôt van goedere op sy naam in entrepôt opgeslaan, op die doeane-inklaringsbrief verklaar dat sulke goedere aan hom behoort en uitsluitlik vir die doeleindes genoem in hierdie proklamasie gebruik sal word, en hy moet die bevoegde doeanebeampte in die hawe van invoer van 'n addisionele kopie van sodanige inklaringsbrief voorsien.

7. Die goedere in hierdie proklamasie genoem, kan ten behoewe van 'n geregistreerde vervaardiger onder korting van blasting uit entrepôt uitgeklaar word, met dien verstande dat behalwe die inklaringsbrief uit entrepôt, by oordrag ook nog 'n verklaring in duplo, soos in bygaande vorm aan die bevoegde doeanebeampte verstrek moet word. Die naam en adres van die vervaardiger en die nywerheid waarvoor die goedere bestem is, moet op die inklaringsbrief vermeld word.

8. 'n Geregistreerde vervaardiger kan, mits hy vooraf vergunning van die bevoegde doeanebeampte verkry, aan 'n ander geregistreerde vervaardiger goedere wat ingevoer is onder hierdie proklamasie oordra, mits by die oordrag 'n verklaring in duplo, soos in bygaade vorm, aan genoemde beampte verstrek word.

9. Die verklaring by die oordrag, vermeld in regulasies Nos. 7 en 8, moet aangevul word met 'n kwitansie van die vervaardiger aan wie die goedere oorgedra is, en indien by versuim om sodanige kwitansie binne *veertien dae* aan die bevoegde doeanebeampte terug te stuur, bly die persoon wat die goedere oordra aanspreeklik vir die doeanereg anders hefbaar, wat hy onmiddellik op aanvraag moet betaal.

10. (*a*) The manufacturer shall keep a stockbook in the form approved by the Commissioner of Customs showing full particulars of all receipts and disposals and in such manner that the goods entered for industrial purposes can readily be accounted for to the satisfaction of the proper officer of customs.

(*b*) The manufacturer shall also keep a " working " book or cards, and shall show therein all receipts to factory *ex* store and the nature and quantities of materials used and of the finished articles manufactured therefrom in such manner as may be accepted by the Commissioner of Customs as practicable according to the circumstances of each particular industry.

11. The manufacturer shall, if required by the proper officer of customs, provide a properly secured store adequate for the goods stored under rebate, and shall provide at his own expense such necessary fastenings as will permit the store being locked with a customs lock.

12. The books and premises of the manufacturer shall be open for inspection at any time during working hours by a duly authorised officer of customs; and should it be deemed necessary at any time to retain an officer on the premises for any period for supervision, the usual charge for special attendance of a customs officer shall be paid by the manufacturer.

13. If any person registered as a manufacturer under these regulations, is reported to the Minister by the Board of Trade and Industries as maintaining unsatisfactory labour conditions, and if not less than six weeks and not more than six months after he has been notified of such report he is reported to the Minister by the Board as having taken no adequate steps to maintain satisfactory labour conditions, his registration may be cancelled by the Minister and he shall thereafter be not permitted to import or receive under rebate of customs duty any of the goods enumerated in this proclamation.

14. The Minister shall have the power to cancel or withdraw the registration of any manufacturer registered under these regulations, if he is satisfied that such manufacturer is not carrying out his obligations thereunder in a satisfactory manner.

15. Any person who is required to comply and who fails to comply with the provisions of these regulations shall, in terms of section *one hundred and sixteen* of the Customs Management Act, 1913, be liable to a fine not exceeding *three hundred pounds* and forfeiture of any goods concerned.

ANNEXURE.

Customs.....

CUSTOMS.—UNION OF SOUTH AFRICA.

DECLARATION ON TRANSFER OF BOND OR REBATE STOCKS TO A MANUFACTURER UNDER REBATE.

To the Collector of Customs,

.....

I/We certify that the undermentioned goods entered per Bill of Entry No.....date.....under Proclamation No.....*ex* Bond have been duly transferred to Messrs.....
of.....
address.....
.....
Signature of Importer.
Date.....

Received in full the above-described goods, which I hereby declare are *my own property* to be used solely for the purpose specified in Proclamation No.....of.....

Signature of manufacturer.....
Address.....
Date.....

This form to be completed in duplicate and returned to the Collector of Customs within *fourteen* days from the date of the transfer.

10. (*a*) Die vervaardiger moet 'n voorraadboek hou in die vorm deur die Kommissaris van Doeane goedgekeur, waarin hy volledige besonderhede van alle ontvangste en beskikkings daaroor aantoon, en op sodanige wyse dat van die goedere geboek vir industriële doeleindes, geredelik rekenskap gegee kan word tot bevrediging van die bevoegde doeanebeampte.

(*b*) Die vervaardiger moet ook 'n ,, werk ''-boek of -kaarte hou, en moet daarin alle ontvangste by die fabriek uit die pakhuis, die aard en hoeveelhede van die materiale gebruik en van die voltooide artikels daarvan vervaardig op sodanige wyse aantoon as wat deur die Kommissaris van Doeane as doelmatig aangeneem kan word volgens die omstandighede van elke besondere nywerheid.

11. Die vervaardiger moet, indien dit deur die bevoegde doeanebeampte verlang word, 'n behoorlike geslote pakhuis verskaf wat geskik is vir die opberging van goedere onder korting, en moet op eie koste sulke vereiste grendels verskaf as wat nodig mag wees om die pakhuis met 'n doeaneslot te kan sluit.

12. Die boeke en die gebou van die vervaardiger moet te eniger tyd gedurende werkure vir inspeksie deur 'n behoorlike gemagtigde doeanebeampte oop wees; en indien dit te eniger tyd nodig geag word om vir 'n bepaalde tyd 'n doeanebampte vir toesig in die gebou te laat bly, moet die gewone besoldiging vir ekstra diens van so'n amptenaar deur die vervaardiger betaal word.

13. Indien die Raad van Handel en Nywerheid aan die Minister rapporteer dat 'n geregistreerde vervaardiger ingevolge hierdie regulasies sy arbeiders onder ongunstige arbeidstoestande laat werk, en indien die Raad minstens ses weke en hoogstens ses maande na hy in kennis gestel is van sodanige rapport weer aan die Minister rapporteer dat so'n vervaardiger geen doeltreffende stappe gedoen het om bevredigende arbeidstoestande in stand te hou nie, kan die Minister die registrasie kanselleer, en so'n vervaardiger word daarna nie toegelaat om enige van die goedere in hierdie proklamasie genoem onder korting van doeanereg in te voer of te ontvang nie.

14. Die Minister het die bevoegdheid om enige registrasie van enige vervaardiger ingevolge hierdie regulasies geregistreer, te kanselleer of in te trek, indien hy oortuig is dat sodanige vervaardiger nie die verpligtinge daaronder op 'n bevredigende wyse nakom nie.

15. Iedereen van wie vereis word en wat versuim om die bepalings van hierdie regulasies na te kom, is kragtens artikel *honderd-en-sestien* van die ,, Wet op het Beheer van de Doeane, 1913 '', strafbaar met 'n boete van hoogstens *driehonderd pond* en verbeurdverklaring van die betrokke goedere.

BYLAE.

Doeane.....

DOEANE.—UNIE VAN SUID-AFRIKA.

VERKLARING BY OORDRAG VAN VOORRADE IN ENTREPOT OF ONDER KORTING AAN 'N VERVAARDIGER ONDER KORTING.

Aan die Ontvanger van Doeane,

.....

Ek/Ons verklaar hierby dat ondervermelde goedere ingeklaar volgens Inklaringsbrief No.....van.....
ingevolge Proklamasie No.....van.....
uit entrepôt behoorlik oorgedra is aan die firma.....
.....
adres.....
.....
Handtekening van Invoerder.
Datum.....

Al bogenoemde goedere is deur my ontvang, en ek verklaar dat hulle *my eiendom* is om uitsluitlik gebruik te word vir die doel gespesifiseer in Proklamasie No.....van.....

Handtekening van vervaardiger.....
Adres.....
Datum.....

Die vorm moet in duplo ingevul en binne *veertien* dae na oordrag teruggestuur word aan die Ontvanger van Doeane.

SUGGESTED HEADINGS FOR REBATE STOCK BOOK.

RECEIPTS.				DISPOSALS.			
Number of Transfer Form or Bill of Entry and Date.	Goods Received from Ship or Local Firm.	Description of Goods with Quantity and Value.	Date Received.	Date.	Quantity and Value.	If Issued to Factory, Received by.	If Otherwise Disposed of, Quote Customs Authority.

VOORGESTELDE HOOFDE VIR KORTING-VOORRAADBOEK.

Ontvangste.				Hoe Daaroor Beskik.			
Nommer van oordragvorm of inklarings-brief en datum.	Goedere ontvang van (skip of plaaslike firma).	Beskrywing van goedere met hoeveelheid en waarde.	Datum ontvang.	Datum.	Hoeveelheid en waarde	Indien uitgereik aan fabriek, ontvang deur.	Indien anders daaroor beskik, haal doeane-magtiging aan.

The suggested headings do not, of course, concern those manufacturers who are already using stock books in an approved form.

God Save the King.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Twenty-ninth day of November One thousand Nine hundred and Thirty-eight.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

N. C. HAVENGA.

Die voorgestelde hoofde het natuurlik nie betrekking op dié vervaardigers wat alreeds 'n voorraadboek in 'n goedgekeurde vorm hou nie.

God Behoede die Koning.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Nege-en-twintigste dag van November Eenduisend Negehonderd Agt-en-dertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

N. C. HAVENGA.

✱ No. 268, 1938.]

DUMPING DUTY ON RUBBER PNEUMATIC TYRES AND TUBES FROM THE UNITED STATES OF AMERICA AND FROM CANADA.

Whereas by section *fifteen* of the Customs Tariff and Excise Duties Amendment Act, 1925 (Act No. 36 of 1925), as amended, whenever after investigation and report by the Board of Trade and Industries the Minister of Finance—

(*a*) is satisfied that goods which are of a class or kind produced or manufactured in the Union have been or are being or are likely to be exported to the Union at an export price which is less than the domestic value thereof plus the extra cost of packing and packages for export, carriage to port of shipment, and all other expenses incidental to placing the goods on board ship ready for export to the Union; and

(*b*) is of opinion that detriment from that cause may result to an industry in the Union and that it would be in the public interest to impose in respect of such goods a dumping duty;

the Governor-General may by proclamation in the *Gazette* notify the class of goods and declare that one or more of the dumping duties enumerated in sub-section (2) of the said section and set forth in such proclamation shall be levied upon goods of such class on importation into the Union from a country or countries named in the proclamation;

And whereas in consequence of investigation and report by the Board of Trade and Industries the Minister of Finance is satisfied that rubber pneumatic tyres and tubes, being of a class or kind produced or manufactured in the Union have been or are being or are likely to be exported to the Union from the United States of America and from Canada at export prices which are less than the respective domestic values thereof plus the extra cost of packing and packages for export, carriage to port of shipment and other expenses incidental to placing the goods referred to on board ship ready for export to the Union, and is further of opinion that detriment results from such cause to the rubber manufacturing industry in the Union by such importation, and that it is in the public interest to impose an "ordinary" dumping duty in respect of such goods;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me as aforesaid, I do hereby declare, proclaim and make known that from and after the date of the publication of this my Proclamation in the *Gazette* there shall be charged, levied, collected and paid on rubber pneumatic tyres and tubes, on importation into the Union from the United States of America and from Canada, an "ordinary" dumping duty equal to the difference between the export price as defined in section *nineteen* of the Customs Tariff and Excise Duties Amendment Act, 1925 (Act No. 36 of 1925), as amended, and the domestic value as defined in that section, plus the extra cost of packing and packages for export, carriage to the port of shipment, and all other expenses incidental to placing the

✱ No. 268, 1938.]

DUMPINGREG OP LUG- BUITE- EN BINNEBANDE VAN RUBBER VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN VAN KANADA.

Nademaal dit by artikel *vyftien* van die „ Doeane-tarief en Aksijnsrechten Wijzigingswet, 1925" (Wet No. 36 van 1925), soos gewysig, bepaal word dat wanneer die Minister van Finansies, na ondersoek en rapport deur die Raad van Handel en Nywerheid—

(*a*) oortuig is dat goedere van 'n klas of soort geproduseer of vervaardig in die Unie, uitgevoer word of waarskynlik uitgevoer sal word na die Unie teen 'n uitvoerprys wat minder is as die binnelandse waarde daarvan, plus die ekstra koste van pak en verpakking vir uitvoer, vervoerkoste na die hawe van verskeping en alle ander onkoste verbonde aan die aan boord bring van die goedere bestemd vir uitvoer na die Unie; en

(*b*) van mening is dat daardeur nadeel veroorsaak kan word aan 'n nywerheid in die Unie, en dat dit in die publieke belang sal wees om op sulke goedere 'n dumpingreg te hef;

die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* die klas goedere kan bekendmaak en verklaar dat een of meer van die dumpingregte genoem in subartikel (2) van gemelde artikel, en uiteengesit in sodanige proklamasie, op sodanige goedere by invoer in die Unie van 'n land of lande genoem in die proklamasie, gehef word;

En nademaal as gevolg van 'n ondersoek en rapport deur die Raad van Handel en Nywerheid, die Minister van Finansies oortuig is dat lug- buite- en binnebande van rubber van 'n klas of soort geproduseer of vervaardig in die Unie, uitgevoer is of word of waarskynlik uitgevoer sal word na die Unie van die Verenigde State van Amerika en van Kanada teen uitvoerpryse wat minder is as die respektiewe binnelandse waardes daarvan, plus die ekstra koste van pak en verpakking vir uitvoer, vervoerkoste na die hawe van verskeping en alle ander onkoste verbonde aan die plasing van die goedere aan boord gereed vir uitvoer na die Unie, en verder van mening is dat daardeur skade veroorsaak word aan die rubbervervaardigingsnywerheid in die Unie deur sodanige invoer, en dat dit in die publieke belang is om 'n „ Gewone" dumpingreg ten opsigte van sodanige goedere te hef;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen soos vermeld, hierby verklaar, proklameer en bekendmaak dat, vanaf en na die datum van publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant*, daar op lug- buite- en binnebande van rubber by invoer in die Unie, van die Verenigde State van Amerika en van Kanada 'n gewone dumpingreg opgelê, gehef, geïn en betaal moet word gelyk aan die verskil tussen die uitvoerprys soos omskrywe in artikel *negentien* van die „ Doeanetarief en Aksijnsrechten Wijzigingswet, 1925" (Wet No. 36 van 1925), soos gewysig, en die binnelandse waarde daarvan soos omskrywe in daardie artikel, plus die ekstra koste van pak en verpakking vir uitvoer, vervoerkoste na die hawe van verskeping en alle ander koste verbonde aan die plasing van die goedere aan

goods on board ship ready for exportation to the Union, provided that—

(*a*) such dumping duty shall be reduced by an amount computed on the weight of such tyres and tubes at 2d. per lb. in the case of importations from the United States of America, and 6d. per lb. in the case of importations from Canada;

(*b*) such dumping duty shall not exceed one-half of the value of the goods for duty purposes as defined in section *fourteen* of the said Act, and

(*c*) such dumping duty shall not be imposed in respect of such goods shipped to the Union from the United States of America and from Canada prior to the date of publication of this my Proclamation in the *Gazette*.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Fifth day of December One thousand Nine hundred and Thirty-eight.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

N. C. HAVENGA.

boord gereed vir uitvoer na die Unie, met dien verstande dat—

(*a*) sodanige dumpingreg verminder word by 'n bedrag bereken op die gewig van sodanige buite- en binnebande teen 2d. per lb. in die geval van invoere van die Verenigde State van Amerika en 6d. per lb. in die geval van invoere van Kanada;

(*b*) gemeld dumpingreg nie meer as die helfte van die waarde van die goedere vir doeanedoeleindes soos omskryf in artikel *veertien* van voornoemde Wet, mag bedra nie; en

(*c*) gemelde dumpingreg nie ten opsigte van sodanige goedere verskeep na die Unie van die Verenigde State van Amerika en van Kanada voor die datum van publikasie in die *Staatskoerant* van hierdie Proklamasie, opgelê word nie.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyfde dag van Desember Eenduisend Negehonderd Agt-en-dertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

N. C. HAVENGA.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER AND OF EXTERNAL AFFAIRS.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 2003.] [9 December 1938.

With reference to Government Notice No. 92 of 21st January, 1938, it is hereby notified that the following person has been registered in terms of section *four* of the Diplomatic Immunities Act, No. 9 of 1932, as being entitled to diplomatic immunity under the said Act:—

Royal Italian Legation—
Mr. Mario Ardito.

✱ No. 2004.] [9 December 1938.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the grant of provisional recognition to Mr. John S. Richardson, jun., as Consul of the United States of America at Port Elizabeth, pending the issue to him of His Majesty the King's Exequatur.

DEPARTMENT OF FINANCE.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1995.] [9 December 1938.

APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas Messrs. The Shell Company of South Africa, Limited, Woodstock, Capetown, in the Province of Cape of Good Hope, have made application for the approval of the warehouse herein described, as a bonded warehouse, viz., a steel building lined with galvanised iron under galvanised iron roof, consisting of one floor measuring 100 feet by 70 feet, situate at the corner of Beach Road and Church Street, Woodstock, Capetown, the property of the company, for the deposit of petroleum products under bond;

Notice is hereby given that, under the provisions of section *fifty-two* of the Customs Management Act, 1913 (Act No. 9 of 1913), the Commissioner of Customs has appointed and licensed the above-mentioned premises, which have been approved by him, to be a bonded warehouse for the free-warehousing and securing of petroleum products imported without payment of duty on the first entry thereof.

✱ No. 1998.] [9 December 1938.

APPOINTMENT OF MR. E. GLAHOLM AS ACTING RECEIVER OF REVENUE, PORT ELIZABETH.

It is hereby notified for general information that Mr. Edward Glaholm has been appointed Acting Receiver of Revenue, Port Elizabeth, with effect from the 9th January, 1939, during the absence on leave of Mr. Denis McAuliffe.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER EN VAN BUITELANDSE SAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 2003.] [9 Desember 1938.

(2) Aktes moet deur die persoon wat hulle inlewer, in omslae geplaas word wat deur die Mynbriewekantoor goedgekeur is, en die transportuitmaker of ander persoon wat vir die inlewering aanspreeklik is, moet op die omslae kortliks besonderhede aanteken van die regte wat geraak word en die stukke wat ingelewer word.

11. (1) Alle aktes en ander dokumente wat vir registrasie of opberging ingelewer word, moet netjies en duidelik met swart ink van 'n duursame kwaliteit op goeie sterk papier geskryf of getik of gedruk wees. Kopieerink mag nie gebruik word nie en geen deurslag van 'n akte of ander dokument sal vir opbergdoeleindes aangeneem word nie. 'n Rand van minstens een duim moet vir inbindoeleindes aan die linkerkant van aktes of dokumente oopgelaat word.

(2) Veranderinge of tussenskrywings kan 'n akte of dokument aan weiering blootstel; indien sodanige veranderinge of tussenskrywings egter aangebring is, moet hulle deur die persoon of persone wat die akte of dokument verly, geparafeer word, asook deur die persone wat as getuies teken. Ingeval veranderings of tussenskrywings deur ander persone as die oorspronklike getuies geattesteer word, moet sodanige persone hulle name regoor die veranderings of tussenskrywings teken.

(3) Alle veranderings en tussenskrywings moet, in die geval van 'n akte wat deur 'n transportuitmaker opgestel of deur 'n notaris geattesteer is, ook deur sodanige transportuitmaker of notaris geparafeer word.

(4) Op die boonste helfte van die eerste bladsy van aktes moet geen skrif voorkom nie, en die ruimte word oopgelaat vir endossemente deur die Mynbriewekantoor.

(5) Wanneer 'n akte meer as een mynbrief of ander reg bevat, moet sodanige mynbrief of ander reg tot bevrediging van die Registrateur gegroepeer word.

(6) Any of the provisions of this regulation may be relaxed by the Registrar at his discretion.

12. (1) If a deed comprises separate sheets of paper the conveyancer shall authenticate each sheet by initialing same.
(2) Blank spaces in the body of deeds shall be ruled through.
(3) Each page of a deed shall have the necessary catchword written at the foot thereof.

13. Deeds should be registered and returned to the person who lodged them on or before the sixth day after lodgment or relodgment in the Mining Titles Office, and on or before the ninth day after lodgment or relodgment in the office of any Mining Commissioner. Sundays and public holidays shall not be included in reckoning the number of days under this regulation.

14. If a deed is partly or wholly redrawn as a result of defects detected by the Mining Titles Office, the Registrar may, in the event of such defects being attributable to the person by whom the deed was prepared, levy an additional fee not exceeding five shillings. The deed or part thereof in which the defects appeared shall be lodged with the redrawn deed.

15. (1) If reference is made in a deed or cover to any document already filed in the Mining Titles Office, the conveyancer shall quote the number and date of the deed under which such document is filed.
(2) When any deed or document to which reference is necessary is of a lengthy character, the conveyancer or other person concerned shall indicate the particular clause thereof upon which he relies to determine any specific point in issue.
(3) An additional fee may be levied in cases where a reference is incorrectly given such fee not exceeding five shillings.

16. The Registrar shall cause to be noted on each deed the minute, hour, and date of the affixing of his signature thereto; such deed shall thereupon be of force and effect.

Women and Minors.

17. (1) Any deed or power of attorney executed by or in favour of a woman shall state whether she is unmarried, married, widowed, judicially separated or divorced, and, in the case of a married woman, shall contain the full name of her husband. In addition, the deed or power of attorney shall set forth whether the woman is married in or out of community of property and, in the case of marriages contracted outside the Union of South Africa, the deed or power of attorney shall state that the woman and her husband were married according to the laws of the particular country concerned.
(2) In order to establish whether a marriage was contracted according to laws of a country or territory other than the Union of South Africa, it shall be necessary for the parties to such marriage to declare in a sworn affidavit what the husband's country of domicile was at the time of marriage.
(3) A married woman shall be assisted by her husband in the execution of deeds or powers of attorney unless the *jus mariti* has been renounced in a duly registered antenuptial contract, or unless the assistance of the husband is, on other grounds, unnecessary.
(4) Mining title or other rights registered in the name of a woman married in community of property shall also be registered in the name of her husband.

18. Deeds affecting the property or rights of minors shall state that they are minors.

19. A mining title or other right registered in the name of a minor shall not be dealt with without the written consent of the Supreme Court or the Master.

Partnerships.

20. Deeds by or in favour of a partnership shall contain the full names of the partners constituting the partnership.

21. Property and rights registered in the name of a partnership shall be transferred, mortgaged, or otherwise dealt with under a power of attorney executed by all the partners which shall bear their signatures, and also the signature of the partnership, unless the Registrar has been assured by sworn affidavit that the signature of a specific partner only is required to be affixed to the power as sufficient authority for the partnership's acts thereunder.

22. In the event of any change in the personnel constituting a partnership, transfer of the property or rights registered in the name of such partnership may be given from the partnership as then constituted to the reconstituted partnership.

Powers of Attorney.

23. Any person wishing to deal with any registered property or rights on behalf of another shall lodge the original power of attorney under which he claims to act, and the Registrar shall file the same in his office.

(6) Enigeen van die bepalings van hierdie regulasie kan na goeddunke deur die Registrateur versag word.

12. (1) As 'n akte uit aparte velle papier bestaan, moet die transportuitmaker elke vel waarmerk deur dit te parafeer.
(2) Blanko-ruimtes in die inhoud van aktes moet deurgehaal word.
(3) Op elke bladsy van 'n akte moet die nodige aansluitingswoord onderaan verskyn.

13. Aktes moet geregistreer word en aan die persoon wat hulle ingelewer het, teruggestuur word op of voor die sesde dag na inlewering of her-inlewering by die Mynbriewekantoor, en op of voor die negende dag na inlewering of her-inlewering by die Kantoor van enige Mynkommissaris. Sondae en publieke vakansiedae word, by die berekening van die aantal dae kragtens hierdie regulasie, nie inbegrepe nie.

14. Indien 'n akte gedeeltelik of geheel weer opgestel word as gevolg van gebreke wat deur die Mynbriewekantoor ontdek is, kan die Registrateur, ingeval sodanige gebreke aan die persoon te wyte is wat die akte opgestel het, 'n addisionele tarief van hoogstens vyf sjielings hef. Die akte of gedeelte daarvan waarin die gebreke voorgekom het, moet saam met die weer-opgestelde akte ingelewer word.

15. (1) Indien in 'n akte of omslag verwys word na enige dokument wat reeds in die Mynbriewekantoor opgeberg is, moet die transportuitmaker die nommer en datum van die akte aanhaal waaronder sodanige dokument opgeberg is.
(2) Wanneer enige akte of dokument, waarna verwys moet word, van uitgerekte aard is, moet die transportuitmaker of ander betrokke persoon die besondere klousule daarvan aandui waarop hy steun om enige spesifieke geskilpunt te beslis.
(3) 'n Addisionele tarief kan gehef word in gevalle waar 'n verwysing onjuis gegee word, en sodanige tarief sal hoogstens vyf sjielings bedra.

16. Die Registrateur moet die minuut, uur en datum van sy ondertekening van elke akte daarop laat aanteken; sodanige akte is daarna van krag en geldig.

Vroue en Minderjarige Persone.

17. (1) Enige akte of prokurasie wat deur of ten gunste van 'n vrou verly word, moet meld of sy ongehuud, gehuud, weduwee, van tafel en bed of deur egskeiding geskeie is, en moet, in die geval van 'n gehude vrou, die volle naam van haar eggenoot bevat. Verder moet die akte of prokurasie meld of die vrou in of buite gemeenskap van goedere gehuud is, en, in die geval van huwelike wat buite die Unie van Suid-Afrika voltrek is, moet die akte of prokurasie verklaar dat die vrou en haar eggenoot ooreenkomstig die wette van die besondere betrokke land gehuud is.
(2) Ten einde vas te stel of 'n huwelik ooreenkomstig die wette van 'n land of gebied buite die Unie van Suid-Afrika voltrek is, word van die partye ten opsigte van sodanige huwelik verlang dat hulle in 'n beëdigde verklaring sal verklaar wat die man se land van domisilie ten tyde van die huweliksvoltrekking was.
(3) 'n Gehude vrou moet by die verlyding van aktes of prokurasies deur haar eggenoot bygestaan word tensy van die *jus mariti* in 'n behoorlik geregistreerde voorhuwelikskontrak afstand gedoen is, of tensy die bystand van die eggenoot om ander redes onnodig is.
(4) Mynbriewe of ander regte in die naam van 'n vrou geregistreer wat in gemeenskap van goedere gehuud is, moet ook in die naam van haar eggenoot geregistreer word.

18. In aktes wat die eiendom of regte van minderjarige persone raak, moet verklaar word dat hulle minderjarig is.

19. 'n Mynbrief of ander reg wat namens 'n minderjarige persoon geregistreer is, mag nie behandel word sonder skriftelike toestemming van die Hooggeregshof of die weesheer nie.

Vennootskappe.

20. Aktes deur of ten gunste van 'n vennootskap moet die volle name bevat van die vennote wat die vennootskap vorm.

21. Eiendom en regte wat namens 'n vennootskap geregistreer is, word getransporteer, onder verband geplaas of andersins behandel onder prokurasie deur al die vennote uitgevoer en hulle handtekening bevattende, asook die handtekening van die vennootskap, tensy die Registrateur deur beëdigde verklaring verseker is dat alleen die handtekening van 'n spesifieke vennoot nodig is om aan die prokurasie geheg te word as voldoende magtiging vir die handelinge van die vennootskap onder sodanige prokurasie.

22. Ingeval 'n verandering plaasvind in die personeel van 'n vennootskap, kan transport van die eiendom of regte wat op naam van sodanige vennootskap geregistreer is, oorgedra word van die vennootskap soos voorheen saamgestel aan die vennootskap soos opnuut saamgestel.

Prokurasies.

23. Enigeen wat met enige geregistreerde eiendom of regte namens iemand anders wil handel, moet die oospronklike prokurasie kragtens welke hy beweer dat hy optree, inlewer, en die Registrateur moet dit in sy kantoor opberg.

24. Powers must specify the date as well as the place of execution, the latter being described sufficiently to enable the Registrar to determine whether or not it is situated within the Union.

25. The full names of the mandant and mandatory shall be set forth in each power and if either party be a female adequate particulars of her status shall appear supported, in the case of a married woman, by a marriage certificate and in the case of any exclusion of community of property or *jus mariti* by an antenuptial contract as well.

26. A special power of attorney to deal with property or rights shall clearly and specifically describe the same and shall set forth the number and date of any deed, permit or licence under which such property or rights are registered.

27. A general power of attorney shall not be accepted as sufficient authorisation to deal with property or rights unless it expressly authorises the mandatory to do so and unless it is registered in the Mining Titles Office.

28. (1) If an original power of attorney is filed of record in the office of a Registrar of, or Master of any division of the Supreme Court of South Africa, or in the office of the Rand Townships Registrar, or in the office of a Registrar of Deeds, the Registrar of Mining Titles may recognise, as and for the purposes of an original, any copies certified under the hand and seal of such officers, whether it is already lodged in the Mining Titles Office or is hereafter lodged therein.

(2) Provided that if it is sought to act upon any such certified copy as is mentioned in the preceding subsection, it shall be necessary to lodge with the Registrar a letter, bearing a date not more than twenty-one days prior to the production, from any such Registrar or Master, as the case may be, establishing that no revocation of such power of attorney has been notified to him.

(3) If any general power of attorney registered in the Mining Titles Office is revoked, the Registrar shall give notice of revocation to any other government office to which a certified copy was issued.

29. It shall be competent for the Registrar to require an affidavit or other sufficient proof establishing whether the party or parties to any power of attorney is or are still alive.

Transfers.

30. No transfer or cession of a mining title or other registered right shall be registered until such mining title or right shall have been duly freed from the operation of any bond over the same either by way of cancellation of the bond or release therefrom with the consent of the mortgagee; provided that this regulation shall not apply if the transfer or cession is made—

(*a*) in execution of the judgment of any court by the officer appointed by law or by such court;

(*b*) by the liquidator of a company which is being wound up by order of court;

(*c*) by the trustee of an insolvent estate;

(*d*) under the provisions of section *fifty* or of sections *fifty-one* to *fifty-five* inclusive of the Act;

(*e*) in any other circumstances in the Act or any other law specially provided or as ordered by the Court.

31. Deeds of transfer shall set forth—

(*a*) in every case the date and number of the deed, instrument, or licence by which the transferor holds the mining title or other right to be transferred;

(*b*) in the case of mining titles the name and number of the farm or portion thereof upon which the rights are situate, the name of the owner of the farm, the mining district, the mining title number, with the distinguishing licence numbers, if any, the number of bezitrecht certificate, or special registration certificate, the diagram or sketch plan number, and in the case of waterrights in addition full particulars of the mining titles to which the waterrights are attached;

(*c*) in the case of a stand, the stand number, the diagram number and the special registration number, if any.

32. (1) When it is sought to deal with mining title or other right, the relevant title deed or a certified copy thereof issued to serve as an original shall, save as is provided in sub-section (2) be lodged with the Mining Titles Office and the number and date thereof shall be mentioned in the new deed relating to such mining title or other right.

24. Prokurasies moet die datum sowel as die plek van verlyding spesifiseer, en die plek moet voldoende gespesifiseer word sodat die Registrateur kan beslis of dit binne die Unie geleë is al dan nie.

25. Die volle name van die lasgeër en lasnemer moet op elke prokurasie verskyn, en indien enigeen van die partye 'n vroulike persoon is, moet voldoende besonderhede betreffende haar status gegee word, wat, in die geval van 'n gehude vrou, deur 'n huweliksertifikaat, en in die geval van enige uitsluiting van gemeenskap van goedere of van *jus mariti*, ook deur 'n voorhuwelikskontrak gesteun word.

26. 'n Spesiale prokurasie om met eiendom of regte te handel moet sodanige eiendom of regte duidelik en spesifiek beskrywe en moet die nommer en datum aangee van enige akte, verlofbrief of lisensie waaronder sodanige eiendom of regte geregistreer is.

27. 'n Algemene prokurasie word nie as voldoende magtiging aangeneem om met eiendom of regte te handel nie, tensy dit die lasnemer uitdruklik magtig om sulks te doen en tensy dit by die Mynbriewekantoor geregistreer word.

28. (1) Wanneer 'n oorspronklike prokurasie opgeberg word in die kantoor van 'n Registrateur van, of Meester van enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, of in die kantoor van die Randdorpe Registrateur of in die kantoor van 'n Registrateur van Aktes, kan die Registrateur van Mynbriewe as en vir die doel van 'n oorspronklike stuk enige afskrifte beskou wat deur die handtekening en seël van sodanige amptenare gesertifiseer is, dit sy dat dit reeds by die Mynbriewekantoor ingelewer is, dit sy dat dit hierna daar ingelewer word.

(2) Met dien verstande dat, indien verlang word om kragtens enige sodanige gesertifiseerde afskrif te handel as wat in die voorgaande subartikel vermeld is, dit nodig is om by die Registrateur 'n brief in te lewer wat van sodanige Registrateur of Meester, nadat die geval mag wees, 'n datum dra van hoogstens een-en-twintig dae voor die vertoning daarvan, en waarin verklaar word dat hy van geen herroeping van sodanige prokurasie in kennis gestel is nie.

(3) Wanneer enige algemene prokurasie wat by die Mynbriewekantoor geregistreer is, herroep word, moet die Registrateur kennis van herroeping aan enige ander Goewermentskantoor gee waaraan 'n gesertifiseerde afskrif uitgereik is.

29. Die Registrateur is bevoeg om 'n beëdigde verklaring of ander voldoende bewys te eis om vas te stel of, in die geval van 'n prokurasie, die betrokke party of partye nog aan lewe is.

Transporte.

30. Geen transport of sessie van 'n mynbrief of ander geregistreerde reg kan geregistreer word nie voor en aleer sodanige mynbrief of reg behoorlik onthef is van die werking van enige verband daarop, òf deur kansellering van die verband òf deur bevryding daarvan met toestemming van die verbandhouer; met dien verstande dat hierdie regulasie nie van toepassing sal wees nie indien die transport of cessie gemaak word—

(*a*) wanneer uitvoering gegee word aan die uitspraak van enige hof deur die amptenaar wat volgens wet of deur sodanige hof benoem is;

(*b*) deur die likwidateur van 'n maatskappy wat op bevel van 'n hof gelikwideer word;

(*c*) deur die kurator van 'n insolvente boedel;

(*d*) kragtens die bepalings van artikel *vyftig* of van artikels *een-en-vyftig* tot *vyf-en-vyftig* (inklusief) van die Wet;

(*e*) in enige ander omstandighede in die Wet of enige ander wet wat spesiaal voorsien is, of soos deur die Hof beveel.

31. Transportaktes moet aangee—

(*a*) in alle gevalle die datum en nommer van die akte, bewysskrif of lisensie waardeur die transportgeër die mynbrief of ander reg besit wat getransporteer moet word;

(*b*) in die geval van mynbriewe die naam en nommer van die plaas of gedeelte daarvan waarop die regte geleë is, die naam van die eienaar van die plaas, die myndistrik, die nommer van die mynbrief, met die kenmerkende lisensienommers indien hulle bestaan, die nommer van die „bezitrecht"-sertifikaat, of spesiale registrasiesertifikaat, die kaart- of sketsnommer, en in die geval van waterregte nog bowendien volle besonderhede van die mynbriewe waaraan die waterregte verbonde is;

(*c*) in die geval van 'n standplaas, die standplaasnommer, die kaartnommer en die spesiale registrasienommer indien dit bestaan.

32. (1) Wanneer verlang word om met 'n mynbrief of ander reg te handel, moet die toepaslike transportakte of 'n gesertifiseerde afskrif daarvan wat uitgereik is om as die oorspronklike te dien, behalwe soos in subartikel (2) bepaal, by die Mynbriewekantoor ingelewer word, en die nommer en datum daarvan moet in die nuwe akte vermeld word wat op sodanige mynbrief of ander reg betrekking het.

(2) Where mining title or other right is to be transferred or ceded in execution of the judgment of any court by the officer appointed by law, or such court, it shall not be necessary to produce the relevant title deed or certified copy thereof if such officer certifies in writing that he has been unable to obtain possession of such title deed or copy.

33. When a portion of a claim or stand is transferred, the portion so transferred shall receive a new number, the remaining portion of such claim or stand retaining the former claim or stand number; for revenue purposes each portion of such claim or stand shall be deemed to be a separate claim or stand.

34. Where a mining title or other right is transferred in pursuance of the provisions of a will, codicil, or other testamentary instrument, a copy of such will, codicil, or instrument, certified under the hand and seal of a Master of the Supreme Court, together with the original letters of administration, shall be lodged with the deed of transfer. The Registrar may also in his discretion require the production of a duly certified copy of the liquidation and distribution account of an estate where it is sought to transfer mining title or other right belonging to such estate.

35. An addition of an "alias" to the description of any party named in a deed of transfer or other registrable document shall not, without the approval of the Registrar, be permitted.

36. Where mining title or other right is acquired under special conditions limiting the right of the transferee or cessionary, such conditions shall, so long as they remain in force, be embodied in every deed or cession of such mining title or right.

Bonds.

37. Every mortgage bond shall contain—

(*a*) a full and clear description of the property to be hypothecated;

(*b*) the date and number of the deed, instrument and/or licence by which the mortgagor holds the mining title or other right;

(*c*) the name and number of the farm or portion thereof upon which the rights are situate, the name of the owner of the farm, the mining district, the mining title number, with the distinguishing licence numbers, if any, the number of bezitrecht certificate, or special registration certificate, the diagram or sketch plan number, and in case of waterrights in addition full particulars of the mining titles to which the waterrights are attached.

38. A bond shall not be registered unless all the mortgagors named in it hypothecate rights registered in the Mining Titles Office.

39. A bond shall not be registered in favour of any person as the agent of an undisclosed principal.

40. A bond passed by two or more principal debtors shall, unless they hold the property to be mortgaged in shares, only be registrable if those debtors are expressly bound jointly and severally for the whole amount thereof, or would be so bound by operation of law.

41. In the event of two or more mortgage bonds being lodged on the same day over the same property, the Registrar shall, if each bond does not disclose the order in which it is to rank, call upon the parties lodging the same, to complete the bonds in that particular.

42. Where it is sought to mortgage mining title or other right held under special conditions limiting the rights of the owner, the Registrar may require those conditions to be set out in the bond or a suitable reference made thereto.

43. No mortgagor shall be entitled to require a Registrar to note part-payments made on account of a bond against the endorsement thereof on the title deed of the property concerned.

44. No cession of part of any sum due under a bond shall be registered unless the mortgagor has given his consent thereto.

45. Where a balance owing on a bond is ceded, the part-payment must be written off in the debt register and relevant deeds before the cession be registered.

46. (1) Every consent to cancellation of a bond and to the release of any property from the operation of a bond, and every cession of a bond, shall be contained in an instrument signed by the registered ho'der of the bond in the presence of a competent witness; and such instrument shall shew the place and date of execution; if an agent is acting for the registered holder, he shall lodge with the instrument the original power of attorney from which he derives his authority to cancel, release or cede, as the case may be, or a certified copy of a power of attorney, as provided in No. 28 of the regulations.

(2) In the case of a cession, the instrument shall be prepared in duplicate, the original being filed of record and the copy being affixed to the bond to which the cession applies.

(2) Waar 'n mynbrief of ander reg, ingevolge die uitspraak van enige hof, deur die amptenaar wat kragtens die wet of deur sodanige hof benoem is getransporteer of gecedeer moet word, is dit nie nodig om die toepaslike transportakte of 'n gesertifiseerde afskrif daarvan te toon nie, indien sodanige beampte skriftelik sertifiseer dat hy nie in staat was om sodanige transportakte of afskrif in hande te kry nie.

33. Wanneer 'n gedeelte van 'n kleim of standplaas getransporteer word, moet die aldus getransporteerde gedeelte 'n nuwe nommer kry en die orige gedeelte van sodanige kleim of standplaas die vorige kleim- of standplaasnommer behou; vir inkomstedoeleindes word elke gedeelte van sodanige kleim of standplaas 'n aparte kleim of standplaas geag.

34. Wanneer 'n mynbrief of ander reg ingevolge die bepalings van 'n testament, kodisil, of ander testamentêre bewysskrif, getransporteer word, moet 'n afskrif van sodanige testament, kodisil, of bewysskrif, deur hand en seël van 'n Meester van die Hooggeregshof gesertifiseer, en die oorspronklike briewe van Administrasie, saam met die transportakte ingelewer word. Die Registrateur kan ook na goeddunke die vertoning eis van 'n behoorlik gesertifiseerde afskrif van die likwidasie- en distribusierekening van 'n boedel waar verlang word om 'n mynbrief of ander reg, wat aan sodanige boedel behoort, te transporteer.

35. Die toevoeging van 'n „alias" tot die beskrywing van enige party wat in 'n transportakte of ander registreerbare dokument genoem word, word sonder goedkeuring van die Registrateur nie toegelaat nie.

36. Wanneer 'n mynbrief of ander reg onder spesiale voorwaardes verkry word wat die reg van die transportnemer of cessionaris beperk, moet sodanige voorwaardes, solank as wat hulle van krag bly, in elke akte of cessie van sodanige mynbrief of reg beliggaam wees.

Verbande.

37. Elke verband moet onderstaande bevat—

(*a*) 'n Volledige en duidelike beskrywing van die eiendom wat verpand moet word.

(*b*) Die datum en nommer van die akte, bewysskrif en/of lisensie waaronder die verbandgeër die mynbrief of ander reg besit.

(*c*) Die naam en nommer van die plaas of gedeelte daarvan waarop die regte geleë is, die naam van die eienaar van die plaas, die myndistrik, die nommer van die mynbrief, met die kenmerkende lisensienommers, indien hulle bestaan, die nommer van die „bezitrecht"-sertifikaat of spesiale registrasiesertifikaat, die kaart- of sketsnommer, en in die geval van waterregte nog bowendien ook volle besonderhede van die mynbriewe waaraan die waterregte verbonde is.

38. 'n Verband kan nie geregistreer word nie, tensy alle daarin genoemde verbandgeërs die regte verpand wat by die Mynbriewekantoor geregistreer is.

39. Geen verband word ten gunste van enige persoon geregistreer wat optree as agent van 'n lasgeër van wie die naam verswyg word nie.

40. 'n Verband wat deur twee of meer hoofskuldenaars gepasseer word, is, tensy hulle die eiendom wat verpand moet word in aandele besit, alleen registreerbaar as sodanige skuldenaars gesamentlik en afsonderlik vir die hele bedrag daarvan uitdruklik gebind is of deur toepassing van die wet aldus gebind sou wees.

41. Ingeval op dieselfde dag twee of meer verbande oor dieselfde eiendom ingelewer word, moet die Registrateur, tensy elke verband die volgorde waarin dit moet gereken word, openbaar maak, die partye wat dit inlewer, opvorder om dit in daardie opsig te voltooi.

42. Waar verlang word om 'n mynbrief of ander reg te verpand wat onder spesiale voorwaardes besit word, wat die regte van die eienaar beperk, kan die Registrateur eis dat sodanige voorwaardes in die verband aangegee word of dat behoorlik daarna verwys word.

43. Geen verbandgeër is geregtig om van 'n Registrateur te verlang dat hy gedeeltelike betalings moet noteer wat vir rekening van 'n verband teen endossement daarvan gemaak is op die transportakte van die betrokke eiendom nie.

44. Geen cessie van 'n gedeelte van enige bedrag wat onder 'n verband verskuldig is, word geregistreer nie, tensy die verbandgeër sy toestemming daartoe verleen het.

45. Wanneer 'n balans wat op 'n verband verskuldig is, gecedeer word, moet die gedeeltelike afbetaling in die skulderegister afgeskrywe word, en toepaslike aktes voor cessie moet geregistreer word.

46. (1) Elke toestemming tot kansellering van 'n verband en tot ontheffing van enige eiendom van die werking van 'n verband, en elke cessie van 'n verband, moet in 'n bewysskrif vervat wees wat deur die geregistreerde verbandhouer in teenwoordigheid van 'n bevoegde getuie onderteken is; en sodanige bewysskrif moet die plek en datum van verlyding bevat; indien 'n agent namens die geregistreerde eienaar optree, moet hy saam met die bewysskrif die oorspronklike prokurasie inlewer waardeur hy sy magtiging verkry het om te kanselleer, op te hef of te cedeer, nadat die geval mag wees; of hy moet 'n gesertifiseerde afskrif van 'n prokurasie inlewer soos in No. 28 van die regulasies bepaal.

(2) In die geval van 'n cessie moet die bewysskrif in duplikaat opgestel word en die oorspronklike moet opgeberg en die kopie aan die verband vasgeheg word waarop die cessie betrekking het.

Copies of Deeds.

47. Copies of deeds required for information only shall be issued on the written application of any person with the words "issued for information only" endorsed on every copy so issued.

48. Copies of deeds required for judicial purposes shall be issued on the written application of any attorney, enrolled agent, party to a legal proceeding or officer of a competent court, and the words "issued for judicial purposes only" shall be endorsed on every copy so issued.

49. (1) If a copy of any deed which has been lost or destroyed be required for purposes other than those mentioned in Regulations Nos. 47 and 48, the person in whose name the mining title or other right conveyed or secured by such deed stands registered, or his lawful representative, may make written application to the Registrar for a copy of such deed, which application shall be accompanied by an affidavit setting forth—

(*a*) the number and date of the lost deed;
(*b*) that it has not been pledged;
(*c*) that it is not being detained or held as a security for any debt or otherwise;
(*d*) that it has been lost or destroyed, as the case may be;
(*e*) that diligent search has been made for it but it cannot be found;
(*f*) the circumstances under which it was lost or destroyed.

(2) The Registrar shall be entitled to call for any further evidence to establish the loss or destruction of any such deed.

(3) The provisions of this regulation shall apply *mutatis mutandis* to companies, assigned estates, insolvent estates or estates under curatorship or administration.

50. (1) The applicant shall also insert once in the *Gazette* and once a week in two consecutive weeks in such newspapers as the Registrar may approve a notice in the following form:—

LOST (here describe the deed).

Notice is hereby given that I intend applying for a certified copy of the above-mentioned deed, No..... dated..... passed by..... ..... (here insert the name of the person, if any, passing the deed, and, if none, omit the word "by". In the case of bonds insert the word "for" and the amount thereof in figures) in favour of..... (here insert the name of the person in whose favour the deed was passed) in respect of..... ..... (here describe the mining title or other right).

And all persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Mining Titles at Johannesburg within three weeks from date of last publication hereof.

.....
(Full name of applicant, followed where necessary by initials and surname of attorney or agent).

(2) The applicant shall lodge with the Registrar the application and affidavit aforesaid and a copy of each issue of the newspaper in which such notice appeared and shall furnish a reference to the page, number and date of the *Gazette* in which it was published.

(3) After the expiry of the period specified in such notice the Registrar shall, if he be satisfied that no good reason to the contrary exists, issue the required certified copy: provided that no such copy shall be issued until the Registrar has searched his registers and has made suitable endorsements relating to transactions, if any, registered therein against the mining title or other right concerned.

(4) If a certified copy of any deed issued to serve in lieu of a lost or destroyed original is itself lost or destroyed, the Registrar may, subject to compliance *mutatis mutandis* with the conditions prescribed in these regulations in regard to lost original deeds, issue a further copy.

51. The provisions of regulations relating to lost or destroyed deeds shall apply *mutatis mutandis* to deeds made in favour of the Governor-General or the Government of the Union of South Africa or of the Governments formerly administering territories now included in the Union; except that it shall not be necessary to publish the notice prescribed by sub-section (1) of Regulation No. 50.

52. In the event of any deed in lieu of which a copy has been issued under the aforegoing regulations being subsequently found, it shall be lodged for filing with the Registrar, who shall endorse thereon that it has been superseded by such copy.

Afskrifte van Aktes.

47. Afskrifte van aktes wat alleen vir inligting nodig is, word uitgereik op skriftelike aansoek van enige persoon, met die woorde: „alleen ter inligting uitgereik" op elke aldus uitgereikte afskrif geëndosseer.

48. Afskrifte van aktes wat vir geregtelike doeleindes nodig is, word uitgereik op skriftelike aansoek van enige prokureur, ingeskrewe agent, party by 'n regsgeding of amptenaar van 'n bevoegde hof, en die woorde „alleen vir geregtelike doeleindes" moet op elke aldus uitgereikte afskrif geëndosseer word.

49. (1) Indien 'n afskrif van enige akte wat verlore geraak het of vernietig is, vir ander doeleindes vereis word as wat in Regulasies Nos. 47 en 48 vermeld word, kan die persoon op wie se naam die mynbrief of ander reg, deur sodanige akte oorgedra of verseker, geregistreer staan, of sy wettige verteenwoordiger, by die Registrateur skriftelik aansoek doen om 'n afskrif van sodanige akte, en sodanige aansoek moet van 'n beëdigde verklaring vergesel gaan waarin uiteengesit word—

(*a*) die nommer en datum van die verlore akte;
(*b*) dat dit nie verpand is nie;
(*c*) dat dit nie teruggehou of as sekuriteit vir enige skuld of andersins gehou word nie;
(*d*) dat dit verlore geraak of vernietig is, nadat die geval mag wees;
(*e*) dat deeglik daarna gesoek is maar dat dit nie gevind kan word nie;
(*f*) die omstandighede waaronder dit verlore geraak het of vernietig is.

(2) Die Registrateur is geregtig om enige verdere getuienis op te roep om die verlies of vernietiging van enige sodanige akte vas te stel.

(3) Die bepalings van hierdie regulasie is *mutatis mutandis* van toepassing op maatskappye, oorgemaakte boedels, insolvente boedels of boedels onder Kuratorskap of administrasie.

50. (1) Die applikant moet ook eenmaal in die *Staatskoerant* en eenmaal per week vir twee agtereenvolgende weke in sodanige koerante as wat die Registrateur goedkeur, 'n kennisgewing volgens onderstaande vorm plaas:—

VERLORE (Beskryf hier die akte).

Kennisgewing geskied hiermee dat ek voornemens is aansoek te doen om 'n gesertifiseerde afskrif van bogenoemde akte No.....gedateer..... gepasseer deur.....(voeg hier die naam in van die persoon, indien daar sodanige persoon is, wat die akte passeer, en indien daar nie sodanige persoon is nie, laat dan die woord „deur" weg. Voeg in die geval van verbande die woord „vir" in, asook die bedrag daarvan in syfers) ten gunste van..... (voeg hier die naam in van die persoon ten gunste van wie die akte gepasseer is) ten opsigte van..... (beskryf hier die mynbrief of ander reg).

En alle persone wat beswaar het teen die uitreiking van sodanige afskrif, word hiermee opgevorder om sodanige beswaar skriftelik in te lewer by die Registrateur van Mynbriewe te Johannesburg binne drie weke vanaf die datum van die laaste publikasie hiervan.

.....
(Volle naam van applikant, waar nodig gevolg deur die voorletters en van van die prokureur of agent).

(2) Die applikant moet by die Registrateur die voornoemde applikasie en beëdigde verklaring indien, asook 'n eksemplaar van elke uitgawe van die koerant waarin sodanige kennisgewing verskyn het, en moet 'n verwysing verskaf na die bladsy, nommer en datum van die *Staatskoerant* waarin dit verskyn het.

(3) Na verstrekking van die tydperk wat in sodanige kennisgewing gemeld is, moet die Registrateur, indien hy oortuig is dat daar geen goeie grond daarteen bestaan nie, die vereiste gesertifiseerde afskrif uitreik; met dien verstande dat sodanige afskrif nie uitgereik word nie totdat die Registrateur sy registers deurgegaan het en toepaslike endossemente gemaak het ten opsigte van eventuele transaksies daarin teen die betrokke mynbrief of ander reg geregistreer.

(4) Wanneer 'n gesertifiseerde afskrif van enige akte wat uitgereik is om in die plek van 'n verlore of vernietigde oorspronklike akte te dien, self verlore raak of vernietig word, kan die Registrateur, onderworpe aan voldoening *mutatis mutandis* aan die voorwaardes in hierdie regulasies ten opsigte van verlore oorspronklike aktes, nog 'n afskrif uitreik.

51. Die bepalings van regulasies betreffende verlore of vernietigde aktes is *mutatis mutandis* van toepassing op aktes wat ten gunste van die Goewerneur-generaal of van die Regering van die Unie van Suid-Afrika of van die Regerings wat voorheen gebiede, tans in die Unie inbegrepe, geadministreer het, gemaak is; behalwe dat dit nie nodig sal wees om die kennisgewing te publiseer soos deur subartikel (1) van Regulasie No. 50 voorgeskryf nie.

52. Ingeval enige akte, in die plek waarvan kragtens die voorafgaande regulasies 'n afskrif uitgereik is, later gevind word, moet dit by die Registrateur vir opberging ingedien word, en laasgenoemde moet daarop endosseer dat dit deur sodanige afskrif vervang is.

53. (1) If any deed has for any reason become unserviceable, it shall be competent for the Registrar to issue a certified copy thereof on written application being made to him by the owner of the mining title or other right, or his lawful representative; provided that the original deed shall be lodged with such application for filing in the Mining Titles Office.

(2) The Registrar may impound any deed lodged in his office if, in his opinion, the same is not in a serviceable condition and he shall have the power to require that a certified copy be taken out by the owner thereof.

54. If the registered holder of a bond, which has been lost or destroyed, or his duly authorised agent, desires to procure cancellation of the entry relating to same in the debt register, and shall have made written application to the Registrar to cancel such entry, and shall have complied *mutatis mutandis* with the provisions of Nos. 49 and 50 of the Regulations, the Registrar shall, after the expiry of the time mentioned in the requisite notice, if he is satisfied that no good reason to the contrary exists, cancel such entry.

Diagrams and Plans.

55. (1) In the event of a portion of any ground held under stand title being leased, or in the event of the mineral rights on a portion of ground held under mining title, or of part only of the claims represented on one diagram being leased, it shall be necessary for the registration of such lease that a diagram of the portion of the ground or claims so dealt with be annexed to each copy of lease lodged for registration.

(2) The provisions of paragraph (1) of this regulation shall also apply to sub-leases of mineral rights affecting only a portion of the ground held under the original lease or to deeds creating or defining servitudes over ground unless such sub-leases or servitudes are, in the opinion of the Registrar, sufficiently described in the deeds relating to them.

(3) Whenever an agreement is entered into between the holders under mining title of adjoining ground whereby the one gives to the other the right to work out the ore contents within an area, the boundaries of which cannot be accurately determined at the time when the agreement is tendered for registration, the Registrar, if he is satisfied from the nature of the agreement that a surface diagram defining the area cannot be framed, may register such an agreement, provided there is attached to each copy of the agreement a plan prepared by either a land surveyor or mine surveyor containing such particulars as the Registrar may deem necessary.

(4) All diagrams and plans which are intended for filing in the Mining Titles Office shall have a clear space of at least six inches in width along the whole length of the right hand side thereof for purposes of endorsement.

Fees.

56. (1) The fees and charges specified in Schedule A of these regulations shall be the fees and charges which the Registrar is authorised and required to demand, and shall be payable in revenue stamps which shall be defaced in manner prescribed by law.

(2) No fees shall be chargeable in respect of any instrument or the registration thereof if the fees thereof would be borne by the Government; provided that the Registrar be satisfied by proof produced to him that such fees, if paid, would be paid by the Government.

(3) In the case of registration of any right the requisite revenue stamps in respect of fees of office and stamp duty shall be affixed to the owner's or first copy of document recording such right. No stamps shall be affixed to the original document intended for filing of record in the Mining Titles Office.

(4) No fee shall be charged to any duly admitted conveyancer or notary public in respect of any search or inspection connected with the preparation by him of any deed intended for registration or to any land surveyor in connection with any survey about to be made by him or in framing any diagrams intended for registration in connection with any right obtainable under the provisions of laws relating to precious and base metals.

(5) No fee shall be charged to any person seeking information from an inspection of diagrams or plans for the purpose of preparing, comparing or correcting diagrams or plans intended by him to record any right defined by the laws relating to precious and base metals.

(6) Unless the Registrar otherwise orders, no fee shall be charged to any person seeking information respecting ground available for prospecting, pegging or leasing of mining rights.

53. (1) Wanneer enige akte om enige rede onbruikbaar geword het, is die Registrateur bevoeg om 'n gesertifiseerde afskrif daarvan uit te reik, wanneer by hom skriftelike aansoek gedoen word deur die eienaar van die mynbrief of ander reg, of deur die eienaar se wettige verteenwoordiger; met dien verstande dat die oorspronklike akte saam met sodanige aansoek by die Mynbriewekantoor vir opberging ingelewer word.

(2) Die Registrateur kan op enige akte wat by sy kantoor ingelewer is, beslag lê, indien dit volgens sy sienswyse nie in 'n bruikbare toestand is nie, en hy is by magte om te eis dat 'n gesertifiseerde afskrif deur die eienaar daarvan uitgeneem word.

54. Indien die geregistreerde houer van 'n verband wat verlore geraak het of vernietig is, of sy behoorlik gemagtigde agent, begerig is om die inskrywing ten opsigte daarvan in die skulderegister gekanselleer te kry, en indien hy by die Registrateur skriftelik aansoek gedoen het om sodanige inskrywing gekanselleer te kry, en indien hy *mutatis mutandis* aan die bepalings van Nos. 49 en 50 van die regulasies voldoen het, moet die Registrateur na verstrekking van die tydperk wat in die vereiste kennisgewing vermeld is, sodanige inskrywing kanselleer indien hy oortuig is dat daar geen grond daarteen bestaan nie.

Kaarte en Sketse.

55. (1) Ingeval 'n gedeelte van enige grond, wat onder Standplaasbrief gehou word, verhuur word, of ingeval die minerale regte op 'n gedeelte van grond wat onder 'n mynbrief gehou word, of slegs 'n gedeelte van die kleims wat op een kaart voorkom, verhuur word, is dit vir die registrasie van sodanige huurkontrak nodig dat 'n kaart van die gedeelte van die grond of kleims waarmee aldus gehandel word, aan elke afskrif van die huurkontrak geheg word wat vir registrasie ingelewer word.

(2) Die bepalings van paragraaf (1) van hierdie regulasies is ook van toepassing op onderverhuring van minerale regte wat slegs 'n gedeelte van die grond raak wat onder die oorspronklike huurkontrak gehou word, of op aktes wat serwitute oor grond skep of omskrywe, tensy sodanige onderverhurings of serwitute, volgens die sienswyse van die Registrateur, in die aktes wat daarop betrekking het, voldoende beskryf word.

(3) In alle gevalle waar 'n ooreenkoms aangegaan word tussen die besitters van mynbriewe ten opsigte van aangrensende grond, waardeur die een aan die ander die reg gee om die ertsbestandele binne 'n gebied uit te werk, en die grense daarvan ten tyde van die inlewering van die ooreenkoms vir registrasie nie noukeurig bepaal kan word nie, kan die Registrateur, indien hy uit die aard van die ooreenkoms oortuig is dat 'n oppervlakte-kaart wat die gebied bepaal nie opgestel kan word nie, sodanige ooreenkoms registreer, mits aan elke afskrif van die ooreenkoms 'n skets geheg is wat òf deur 'n landmeter òf deur 'n mynopmeter opgestel is en wat sodanige besonderhede bevat as wat die Registrateur nodig mag ag.

(4) Alle kaarte en sketse wat bedoel is om in die Mynbriewekantoor opgeberg te word, moet 'n blanko-ruimte van minstens ses duim wyd langs die hele lengte van die regterkant daarvan hê vir endosseerdoeleindes.

Tariewe.

56. (1) Die tariewe en bedrae wat in Skedule A van hierdie regulasies gespesifiseer is, is die tariewe en bedrae wat die Registrateur gemagtig is en voorgeskryf word om te eis, en dit is in inkomsteseëls betaalbaar wat op die volgens wet voorgeskrewe wyse gekanselleer moet word.

(2) Geen koste mag ten opsigte van enige bewysskrif of die registrasie daarvan in rekening gebring word indien die koste daarvan deur die Regering gedra moet word nie; mits die Registrateur, op bewys aan hom gelewer, daarvan oortuig is dat sodanige koste, indien betaal, deur die Regering betaal sal word.

(3) In die geval van registrasie van enige reg, moet die vereiste inkomsteseëls ten opsigte van kantoorgelde en seëlbelasting aan die eienaars- of eerste kopie van die dokument geheg word wat sodanige reg vermeld. Geen seëls word aan die oorspronklike dokument geheg wat bedoel is om in die Mynbriewekantoor opgeberg te word nie.

(4) Geen bedrag mag van enige behoorlik toegelate transportuitmaker of notaris gevorder word ten opsigte van enige ondersoek of inspeksie in verband met sy opstelling van enige akte wat vir registrasie bedoel is nie, of van 'n landmeter in verband met enige opmeting wat deur hom gemaak moet word, of by die opstelling van enige kaarte wat vir registrasie bedoel is in verband met enige reg wat verkrygbaar is kragtens die bepalings van wette op edele en onedele metale.

(5) Geen tarief word van enige persoon gevra nie as hy deur ondersoek van kaarte of sketse inligting probeer verkry met die doel om kaarte of sketse op te stel, te vergelyk of te verbeter, waardeur dit sy doel is om enige reg op te teken wat deur die wette betreffende edele en onedele metale omskryf word.

(6) Tensy die Registrateur dit anders beveel, mag geen bedrag van enige persoon gevorder word nie as hy inligting soek ten opsigte van grond wat beskikbaar is vir die prospekteer, die afpen of verhuring van mynregte.

57. Upon written application being made by any city council, municipal council or other local authority to search the registers or records the Registrar may, upon being satisfied that the information is required by such council or local authority to carry out its statutory powers or duties, permit such search to be made upon payment of one-fourth of the prescribed fee or fees.

58. Any person engaged in research work of an historical character or of general public interest may be permitted by the Registrar, subject to such conditions as he may stipulate, to search the registers and records free of payment of any fee: provided that when such person is a student of a University incorporated by an Act of the Union he shall produce a certificate from the principal thereof, and any other person upon a certificate from the Minister, describing in each case the purpose for which the search is made.

59. No fee shall be levied by the Registrar in respect of entries made by the Mining Titles Office recording notices of sequestration, liquidation, interdicts, court orders, attachments made under writs of execution, writs of attachments to found jurisdiction, when lodged with him, and documents lodged with him under any law by any master of a supreme court.

Miscellaneous.

